# *Glo Jy Dit?*

En voor ons bid, wil ek dit graag sê, dat gisteraand, glo ek was dit, het ek vir 'n dame gesê: "As jy net sal doen soos ons geleer is om te doen, dat dit sal . . . die baba met 'n waterkop, dit sou krimp." En die baba se kop het gisteraand 'n half-duim gekrimp, gemeet met 'n toutjie. So die dame het dit nou hiernatoe gebring.

2 Nou, die rede waarom ek dit gedoen het, suster, is vir 'n doel. Sien? As jy iets tasbaar kan sien gebeur, sal dit jou geloof laat toeneem om dit te bly glo. Partykeer doen ek dit net om, miskien, soos om die persoon te vra om op te staan, 'n treetjie of twee te gee, jou hand te beweeg, jou vinger te wikkel, net iets wat hulle anders kan doen, net om hulle te laat sien dat dit alles net reg is. Hulle raak net senuweeagtig en dink dit gaan nie gebeur nie, maar dit gebeur die hele tyd. Sien? Dit moet.

3 Hoeveel wil nou onthou word in gebed? Sal julle net julle hande opsteek en sê: "Here, skenk dit"? Laat ons ons hoofde buig.

4 Here, terwyl ons hierdie wonderlike ou lied van die kerk hoor, geskryf deur my kosbare vriend, Paul Rader: "Glo Net," dink ons nou aan 'n seun, wat deur sy vader na die dissipels toe gebring is, nie langer as tien dae nadat Jesus hulle krag gegee het om duiwels uit te dryf en die siekes te genees nie, en hier was hulle totaal verslaan deur 'n epileptiese geval. En hulle het ons Here sien aankom. En die vader het gehardloop en gesê: "Here, wees ons genadig. My seun is veelvuldiglik versoek deur 'n duiwel. Ek het hom na U dissipels toe gebring en hulle kon hom nie genees nie."

5 Jesus het gesê: "Ek kan, as jy glo. Glo net." O God, U het geensins verander van toe af nie: U is net dieselfde liefdevolle, minsame, en barmhartige God. Soos U toe was, so is U vandag. En Here, soos daardie vader, roep ons almal uit: "Here, help U ons ongeloof." Dis so eenvoudig; ons struikel net daaroor, Vader.

6 Ons wil U bedank en loof vir die aanraking van daardie babatjie gisteraand, om te sien dat daardie kopbeen, wat geswel was, dit is, dat die been uitgedruk was, dit 'n half-duim gesak het gisteraand. Ons is dankbaar daarvoor, Vader. Wanneer ons weet dat ons dokters niks in die navorsing daarvoor het nie, daar's niks wat hulle daarvoor kan doen nie; maar U is steeds God, die Meester van alle situasies. Ons dank U, Vader. Ons dank U vir hierdie moeder se lojaliteit, en minsaamheid, en gehoorsaamheid om die toutjie terug te bring en dit op hierdie papiertjie te plak, hier, om vir die publiek haar getuienis te wys tot die eer van God. Mag haar kleintjie lewe en 'n normale kind wees, tot U eer.

7 Kyk na al daardie hande wat opgegaan het, Vader. Elkeen van hulle het 'n behoefte. Myne ook op, Vader, ek het behoefte. En daar's baie hier, in die vorm van briewe of in hierdie kartondoos, wat behoeftig is, mense wat werklik behoeftig is. Laat dit gebeur, Here, dat elkeen hulle versoek sal ontvang vanaand. Mag hulle hierdie moeder se getuienis neem en net as 'n voorbeeld om te wys dat wanneer U enigiets sê, dit afgehandel is. Dis . . . U . . . Al wat ons moet doen is om dit te ontvang en daarop te reageer. Dis 'n voltooide werk.

8 Skenk, Here, dat elkeen van hierdie briewe en hierdie sakdoeke, die mense waarop hulle gelê word, mag hulle genees word. Elkeen wat hulle hande opgesteek het, Vader, hulle hulle hartsbegeerte sal ontvang. Ons vra dit, in Jesus se Naam. Amen. Julle mag maar sit.

9 Ek wil net vir julle die toutjie hier wys, wat die dame . . . Daar het julle dit. Uh-huh. Dat die babatjie se koppie gekrimp het soos die Here ons belowe het deur die Heilige Gees gisteraand. Is Hy nie wonderlik nie? So, gee ons soveel moed om geloof te hê en te glo.

10 Nou, toe Jesus vir daardie boom gesê het, in Markus 11:23: "Niemand eet van jou van nou af nie," mag Hy miskien nie uitgeskree het nie. Wel soos, eintlik, Hy was so rustig daaroor, tot Sy dissipels net . . . Ek dink een van hulle het Hom gehoor. En dit . . . Toe daardie epilepsielyer, toe dit opgekom het voor die Here Jesus, het die seun die ergste aanval gehad wat hy ooit gehad het; miskien, op die grond neergeval asof hy dood was, maar hy het besef dat hy Iemand ontmoet het Wat baie meer geloof gehad het as daardie apostels.

11 Nou, ek wil hê iemand, wat nie in Goddelike genesing glo nie, om hierna op te let. Jesus het hulle mag gegee om die geeste uit te dryf, en hulle het misluk. Die krag het nie misluk nie, maar hulle het misluk. Jesus het vir hulle gesê:

"Waarom kon ons hom nie uitdryf nie."

Hy het gesê: "As gevolg van julle ongeloof."

12 Die kerk het steeds 'n krag. God het nooit Sy krag uit die kerk weggeneem nie, maar die kerk het nie genoeg geloof om daarop te reageer nie. Dis al. Dis net so eenvoudig. Ons probeer dit so ingewikkeld maak partykeer, maar hoe eenvoudiger jy die Evangelie maak, hoe meer werklikheid het jy, wanneer jy net baie eenvoudig raak daarmee: God het so gesê; dit handel dit af; en dis al. En glo dit net, gaan voort.

13 Toe Jesus gesê het: "Niemand eet van jou nie," wel, die blare was net so mooi en helder as wat hulle ooit was. Die bas het dieselfde gelyk, maar ver onder die grond in daardie wortels, het die lewe begin wegkwyn.

14 So is dit met 'n kanker, met enige soort siekte waaraan—waaraan jy dalk mag dink. Wanneer jy God se Woord kan aanvaar, ver onder in die wortels, die kanker mag daar wees; jou hand mag net so styf wees. Dit het niks met Goddelike genesing te doen nie. Dis: "As jy kan glo." Sien? Ver onderin iewers, het dit reeds begin werk.

15 Jesus het gesê: "As jy vir hierdie berg sê: 'Word opgehef,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het." Is dit nie pragtig nie? Van Wie af het dit gekom? Die Seun van God, Wie se Woorde . . . Hemel en aarde sal verbygaan maar nou—maar Sy Woorde sal nie.

16 Nou, die enigste manier wat jy dit kan doen, jy moet die regte doelwit en die regte motief hê. Nou, as ek hier uitgegaan en gesê het: "Ek sal julle wys ek kan hierdie berg beweeg. 'Word opgehef, berg.'" Dit sou nooit beweeg nie. Beslis nie. Maak nie saak wat ek gehad het nie. Dit moet wees . . . Eers moet jy die wil van God vind.

17 Dis hoekom, ek—ek gewoonlik in gebedsrye, die heel swaarste kry, is omdat dit iets is wat deur die rye gegaan het ensovoorts, en dis waar jy dit terugkry. Maar sien, as jy onbelyde sonde het . . . Het julle ooit opgelet met 'n geval, voor ek die bose gees vra om te vertrek? Ek hou daardie geval baie goed dop om seker te maak dat daar niks in daardie lewe is wat enigiets sou hinder nie, sien, want onthou, met hierdie gawes, kan jy in die moeilikheid beland met hulle.

18 God, julle onthou eenkeer, het 'n profeet gegee . . . het 'n profeet van 'n man gemaak, Moses, en vir hom gesê om af te gaan, tot die rots te spreek. En die profeet was baie opgewonde, en het uitgegaan, en die rots geslaan, wat gespreek het van die swakheid van Christus, dat Hy die tweede keer moes sterf of die tweede keer geslaan moes word. Hy het krag gehad om dit te bring, maar dit was nie die wil van God nie.

19 Ek kon nog nooit glo dat dit God se wil was vir Elía om rond te gaan, omdat daardie kinders hom geterg het omdat hy kaalkop was, ek dink nie hy behoort dit te gedoen het nie. Maar hy was 'n profeet, en was kwaad, en hy het 'n vloek op daardie kinders geplaas en twee beerwyfies het twee-en-veertig onskuldige kindertjies doodgemaak. Sien? Maar ek glo nie hy behoort dit te gedoen het nie. En dit net—net . . . ons . . .

20 God, ek glo vandag, voor Hy Sy kerk bemagtig, beproef Hy Sy kerk om te sien wat dit sal doen.

21 Ons . . . volgende keer, miskien, as die Here wil wanneer ek terugkom, sal ons tyd hê om te vertoef op dinge soos daardie, oor iets wat gereed is om plaas te vind, en dan sal ons meer daarvan weet dan.

22 Maar as jy net die woord sal spreek, sê: "Here, ek glo dit," nie twyfel nie, bedoel dit in jou hart . . .

23 Nou, sê byvoorbeeld, ek was in 'n vallei, en ek het nie . . . Ek preek vir miljoene mense, maar net oorkant die berg daar, is 'n groep mense van 'n honderd, en hulle vergaan sonder om Christus te ken. Wel, ek het 'n miljoen hier om voor te preek, maar tog, Iets in my hart sê vir my: "Gaan oor na daardie mense toe. Kom by hulle uit. Hulle vergaan." Ek wil nie self gaan nie, maar tog is daar Iets in my. Sien, dan is dit God, aan die beweeg. Sien wat die doelwit is, sien wat die motief is om te gaan, nie vir self nie . . . Nou, as ek sê: "Wel . . . " As my doelwit reg is om soontoe te gaan, maar dan kom ek hierbo en hier is 'n groot berg, ek sê: "Jy weet, as ek oor daardie berg kom en al daardie honderd mense red, sal hulle eendag 'n standbeeld daar hê: Broer Branham, die groot sendeling." Nou, my motief is nie reg nie. Die berg sal nie val nie. Nee, meneer.

24 Maar wanneer my motief en doelwit reg is, en God in my hart lei my, en ek kan nie oor die berg, om die berg, onderdeur die berg kom nie, sou ek sê: "Berg, beweeg." Miskien dit . . . Wanneer ek dit sê, en sodra ek dit gesê het met daardie regte soort gees, gelei deur die Heilige Gees, in die wil van God, mag daar dalk nie meer as een lepeltjie vol van daardie berg afval nie, maar dis aan die gang. Die volgende dag mag daar dalk twee pond wees wat val. Die volgende dag 'n kwart ton. En binne 'n maand, val daar dalk vyf ton in. Wat daarvan? Mag dit miskien nog nie eers sien nie, maar sy beweeg, aan die gang. Ek sal net daar bly en kyk hoe die ding gedoen word, omdat God so gesê het en dit handel dit net af.

25 Kan jy daar, dit dink van jou moeder vanaand? Goed, as jy dit sal dink, sal sy gesond word. Goed. Dis as jy dit net sal glo: spreek net die woord en bly daarby. Sien? Glo dit net; hou daaraan vas. Dis Ewige Lewe.

26 Nou, môremiddag . . . Ek het vir Billy gesê, vanaand, net om die gebedskaarte uit te laat, en ek wou praat. Ek bely as die waarheid, ek is aan die gang van Januarie af, oorsee, en terug, in Phoenix, reguit huistoe, en terug, en alles heeltemal . . . Daardie onderskeiding . . . Totdat ek so swak is dat ek somtyds skaars weet waar ek staan. Dit het my net omtrent gedaan.

27 En dan, moet ek vertrek, en hulle . . . julle—julle broers het my genooi om oor te bly vir nog 'n paar dae. Hoe ek dit waardeer. Ek dink beslis dis 'n wonderlike groep predikers hier. Wens ons kon bietjie meer tyd hê vir gemeenskap. As die Here wil, sal ek een of ander tyd terug wees. Niks anders nie, net van een kerk na die ander gaan en deur die stad gaan en julle almal besoek. Ek sal bly wees om dit te doen; enigiets wat ek kan doen om die Koninkryk van God te help, dit is, as julle wil hê ek moet dit doen. En om een of ander tyd terug te kom en by ons aan te sluit en 'n lekker, goeie byeenkoms iewers te hê.

28 En onthou, broers, ek sal vir julle bid. Dis een ding wat seker is. En ek wil hê julle almal moet vir my bid, almal van julle.

29 En nou ek—ek's . . . môre-oggend is die kerkdienste in al hierdie verskillende goeie kerke rondom die stad.

30 Nou, party van die groepe van Jeffersonville is hier. Party van my vriende, een van my trustees van die kerk, is hier, Broer Fred Sothmann. Ek kon hom nog nooit in die byeenkoms sien nie. En broer . . . O, baie ander van my vriende van daarbo by Jeffersonville, my pri- . . . my sekretaris daar en—en almal is hier, iewers in die byeenkoms. Ek het hulle nog nie gesien nie.

31 En broers, daar's 'n paar goeie kerke hier in hierdie stad. En al die res van julle besoekers, vind een van hulle en gaan na hierdie kerke toe môre. Hulle sal julle goed doen, ek's seker. Hulle is broers wat in hierdie soort bediening glo. Dis hoekom hulle op hierdie platvorm sit en onder in die plekke hier, omdat hulle daarin glo. En ek waardeer daardie manne.

32 Here, seën hierdie Volle Evangelie Sakemanstak hier wat—wat hierdie byeenkoms geborg het. Daar's . . . Ek glo dit was reg, wat die byeenkoms geborg het. Ek—ek gaan na baie van hulle borge, want daarbinne . . . Ons behoort nie so te wees nie, maar baiekeer, laat broers klein verskilletjies, soos 'n man wat 'n ietsie glo, 'n ander ietsie . . . Dit veroorsaak soort van 'n bietjie wrywing en ou seerplekke van lank gelede. Dit behoort genees te wees teen hierdie tyd, maar dit—dit . . . En as jy . . . as ek die Volle Evangelie Sakemanne kry, dan help dit soort van om dit te verbind, en ons kom bymekaar, en ons het ware gemeenskap saam, net baie goeie tye. En ons waardeer dit. God seën daardie tak. Ek glo God het dit opgerig vir 'n doel.

33 Nou . . . en dan het ek die groot voorreg gehad om Broer Oral Roberts se plek te sien nou die dag. En goeiste, so 'n reuse plek, so 'n pragtige ding. Dis—dis 'n gedenkteken vir Pinkster.

34 Toe het ek oorgegaan na Broer Tommy Osborne s'n, nog 'n wonderlike plek, wonderlike man van God, wat . . . Broer Tommy en ek is net na aan mekaar, en Broer Oral, ook, net goeie broers van mekaar, en ons het mekaar lief, en probeer ons bes om alles te laat saamwerk wat ons kan vir die mense in die Koninkryk van God.

35 So ek waardeer beslis daardie manne wat hier is in hierdie stad onder die res van hierdie goeie manne wat julle het. Julle skape het wonderlike herders. Ek net, ek sal dit so sê. Mag die Here voortgaan om met julle almal te wees, is my gebed. En nou môremiddag, ek . . . Watter tyd begin die diens, broers? Twee-dertig. Laat ons sê een—een of een-dertig behoort julle hier te wees sodat hulle nie die res van die dienste onderbreek nie.

36 Nou, as die seuns julle nog nie gesê het nie, vanaand het hulle 'n paar boeke, foto's ensovoorts, en bandopnames, en plate, en . . . van die byeenkomste, en hulle verkoop hulle. Maar ons sal hulle

hulle nie op die Sabbat, môre laat verkoop nie. Geen boeke of niks moet môre verkoop word nie. So ons sal nie . . . ons laat dit nooit toe nie. Alhoewel baie gesê het: "Jy's baie verkeerd . . . "

37 En ou Pappa Bosworth het my altyd gesê: "O, Broer Branham, jy's verkeerd daar," maar dis hoe ek voel (Sien?), en ek—ek voel. As jy een wil hê, sal hulle jou een gee, maar as jy . . . Maar ons kan nie op—op die Sabbat verkoop nie. Nee. Dis al. As ek dit glo, moet ek dit lewe, net . . . Ek moet met myself saamleef. Julle sien? En ek—ek moet volgens my oortuigings lewe en so . . . Of julle kan huistoe stuur, en, bo na die huis, bo na die plek en dit kry.

38 Nou vanaand, o, laat ons net almal dit net vergeet, o, dat daar enige werk is om gedoen te word, of enigiets anders, of die vermoeienis van die dag. Laat ons net alles ter syde stel, en in die Woord inkyk vir 'n paar minute, en kyk wat God tot ons sal spreek deur Sy Woord. En mag ek bid dat God ons net 'n uitermatige groot seëning sal gee vanaand.

39 Gene, kan jy haar ontvoer vir my? Kan jy daardie dogtertjie ontvoer vir my? Is sy nie 'n mooi dingetjie nie? Sal jy graag saam met my wil huis toe gaan en met my klein Sarah speel, omtrent so groot? O, jy sou? Ek—ek sou graag wou hê jy moet. Sy's omtrent jou grootte, en sy's Pappa se dogtertjie. Uh-huh. Huh. En ek is seker jy—jy is ook lief vir jou Pappa, of hoe? Mamma? O, ek is seker jy is. Die mooiste dogtertjie, waarna ek hier sit en kyk. Ogies lyk soos twee brandkolletjies in 'n kombers en—en bruin haartjies.

40 Ek is net lief vir klein kindertjies. Ek het twee dogtertjies by die huis. Een van hulle is Rebekah en die ander een is Sarah.

41 Hier 'n tyd gelede, was ek weg. Hulle is albei Pappa se dogtertjies, julle weet, en ek is lief vir hulle. En sodra hulle inkom moet ek hulle abba, en . . . net Becky raak 'n bietjie groot daarvoor; sy's net so groot soos ek. Sy sal nou my rug breek; sy's . . . maar sy is in elk geval steeds Pappa se dogtertjie. En nou, omtrent nog 'n jaar, wil ons haar in die Bybelskool iewers kry en weg van die openbare skool.

42 En toe, het hulle wakker gebly om Pappa te sien, julle weet, om huistoe te kom. Ek was uit in die diens. En môre-aand sal hulle wag tot middernag vir my om te probeer inkom. En so, ek het baie vroeg in die oggend ingekom, omtrent drie- of vier-uur. En moeder het na die deur toe gekom en my ingelaat, en ek was so moeg en vermoeid, ek . . . Hier op die platvorm, ek . . . toe die . . . onder die salwing voel dit goed, maar wanneer dit jou eers verlaat, dis waar jy in die moeilikheid beland. Hoeveel het dit ooit geweet? Wel, dit is beslis so.

43 Kyk. Elía het teen die berg opgegaan en vuur uit die hemel uit geroep, reën uit die hemel uit geroep, en toe, toe die Gees hom

verlaat het, het hy veertig dae in die wildernis gedwaal en God het hom gevind, teruggetrek in 'n grot iewers.

44 Jona, hy het ondertoe gegaan en lewendig gebly in 'n maag van 'n walvis drie dae en nagte, is uitgespoeg op die wal en rongegaan en gepreek. Die hele stad het bekeer en na God toe gekom. En toe die salwing hom verlaat het, het hy teen die heuwel opgegaan en vir God gevra om sy lewe te neem. Sien?

45 Ek het langs William Cowper se graf gestaan, nie lank gelede nie, wat daardie beroemde lied geskryf het wat ons tydens ons nagmaaldiens gebruik:

> Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmánuel se are,
> Waar sondaars gedompel onder die vloed . . .

46 Het julle ooit gehoor wat hy . . . gebeur het met hom? Nadat die inspirasie daarvan hom verlaat het, het hy die rivier probeer vind om selfmoord te pleeg.

47 Ek woon reg oorkant die ou Kentucky Tuiste. En Stephen Foster het Amerika sy bekendste volksliedjies gegee. En wanneer hy sou skryf, inspirasie sou kry, daardie inspirasie, 'n lied skryf, dan wanneer hy daaruit sou kom, sou hy gaan en dronk word. Uiteindelik, 'n bediende geroep en 'n skeermes geneem en selfmoord gepleeg.

48 Mense weet nie wat daardie mense, wat in daardie geestelike sfeer lewe, deurgaan nie. Nou hier, voel jy dat jy 'n berg kan verskuif, maar laat die salwing net van jou afgaan, en begin gaan deur daardie deur . . . As iemand nie daar is om jou te vang nie . . . Sien? En dan, miskien vir 'n paar uur kan jy skaars, wonder waar jy is. En dan aand vir aand, dit verg die beste van jou.

49 En klein . . . Wil julle vertel van klein Sarah en Rebekah. So die volgende oggend, ek kon nie slaap nie, en ek het opgestaan, het in 'n stoel gesit, en na 'n tyd het Becky, wat die oudste is, sy was—het langer bene gehad as Sarah, en so Becky het aangehardloop gekom . . . wakker geword, uit die bed uitgespring, nie haar klein sustertjie wakker gemaak nie, en hier het sy deur die huis aangehardloop gekom, so vinnig as wat sy kon. Sy het gesê: "Pappa, Pappa . . . " Ek het een van my bene uitgesteek, en sy het daar oorgespring, baie goed gebalanseerd. Soort van soos die—die moderne kerk, julle weet, dit was in die spel vir 'n lang tyd, julle weet, vir 'n hele paar honderd jaar. Sy kon haarself baie goed balanseer, en sy het haar arms om my gesit en gesê: "O, my Pappa, my Pappa . . . "

50 En klein Sarah het, in die opgewondenheid, wakker geword. Wel, ek weet nie of julle kinders dit doen of nie; myne doen dit: Die jonger een kry die uitgegroeide klere. En so het Sarah Becky se pajamas aangehad, voete omtrent soveel te lank, julle weet. En hier het sy gekom, klein kortetjie, aan die val, strompel. En sy het daar aangekom, 'n bietjie laat. So Becky het omgedraai, gesê:

"Sarah, my suster, ek wil vir jou iets sê." Sy het gesê: "Ek was eerste hier. En ek het die monopolie. So ek het alles van Pappa en daar's niks oor vir jou nie."

51 Dis hoe party mense dink aan godsdiens, of hoe? Uh-huh. Dis reg.

52 En arme klein Sarah, sy het haar lippie laat sak, en haar klein swart ogies het opgekyk na my, en sy het begin huil. En Becky het haar wang teen myne gehad, my omhels. Ek het haar lief. En Sarah het begin wegloop, want Becky het alles van Pappa gehad. Ek het die ander knie *so* uitgesteek en vir haar beduie soos *daardie*. O, sy het baie vinnig moed geskep en gehardloop, op my knie opgespring so. . . Sy was nog nie so lank daar nie en haar bene kon nie eers tot op die vloer strek nie. Sy was 'n bietjie wankelrig (miskien, soos ek is, net 'n bietjie wankelrig, julle weet), en sy het nie. . . kon nie die grond raak nie. Sy was nie 'n groot denominasie nie, julle weet, en sy kon nie die soliede vloer onder bereik nie. Sy was nog nie lank genoeg hier nie.

53 En so, sy het soort van gewankel, en ek het albei arms om haar gegooi soos *hierdie* en haar teen my vasgedruk, en sy het daardie klein swart ogies gevonkel, en teruggekyk na Rebekah. Sy het gesê: "Rebekah, my suster," het sy—sy gesê: "dit mag waar wees dat jy alles van Pappa het, maar ek wil hê jy moet een ding weet, Pappa het alles van my." So. . .

54 Dis. . . Net solank Hy alles van my het. Ek mag nie die geleerdheid hê om die groot dinge te verduidelik nie, maar net solank ek weet Hy het alles van my, in my wankelrigheid, laat Hom net albei arms om hê, dit sal my goed laat voel.

55 Wel, laat ons nog 'n woordjie van gebed vir Hom doen voordat ons die Woord oopmaak.

56 Nou, Hemelse Vader, ons besef dat ons ook net soos kinders is. En—en U hou daarvan om by ons te wees, en saam met ons te aanbid. En soos ons U aanbid, en U ons liefhet, en ons in U arms hou, en U Heilige Gees afstuur, en vir ons laat weet dat U lewe en U ons Vader is, dank ons U grootliks. Nou, laat die Heilige Gees na ons toe kom vanaand. Hê elke hart lief, Here. Gee vir ons 'n vars seëning. Stort die doudruppels van genade uit oor ons, Vader. Moenie na ons sondes kyk nie. Hulle is te veel. Here, vergewe hulle net. Laat hulle uit, Vader, en neem ons net in U arms, en—en genees ons siektes, en—en reinig ons siele, en stel ons geeste vry, Here, dat ons U kan aanbid en loof, soos kindertjies kan wees wat in die huis rondhardloop, net met die wete dat Pappa oor ons die wag hou. Skenk dit, Here.

57 Nou, geen mens is in staat om—om die Woord uit te lê nie. Ons besef dit. Johannes het die Boek gesien in die regterhand van Hom wat op die troon gesit het, en daar was geen mens in die hemel, of op die aarde, of onder die aarde, wat waardig was om die Boek te neem om dit oop te maak, of om die seëls oop te maak

nie. En daar het 'n Lam nadergekom, wat geslag was vanaf die grondlegging van die wêreld. En Hy was waardig. En Hy het die Boek geneem, en die seëls losgemaak, en die Boek oopgemaak. O Lam, kom vanaand. Maak oop die Boek vir ons, Vader, soos ons op U wag, want ons vra dit in Jesus se Naam, die Lam van God. Amen.

58 Ek het vanaand gekies, 'n Skrifversie hier van drie woorde. Maar eers wil ek 'n vers of twee lees uit Johannes, die 11de hoofstuk vanaf die 23ste vers.

> *Jesus* het *vir haar* gesê*: Jou broer sal opstaan.*
>
> *Martha antwoord Hom: Ek weet . . . hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag.*
>
> *Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en . . . lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;*
>
> *En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?*
>
> *Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom.*

59 En as 'n teks wil ek hierdie drie woorde gebruik: *Glo Jy Dit?*

60 Ek het 'n tyd terug 'n storie gelees. Ek dink dit was 'n fiktiewe storie. En omtrent alle predikers, reken ek, het Dr. Ingraham se boek van—van *Die Prins Van Die Huis Van Dawid* gelees. Dis 'n goeie boek. Dis, ek dink, dit is heeltemal uit druk. Ek sal dit graag gedruk wou hê, sodat ek dit onder die mense kan versprei.

61 En daarin, het ek 'n artikeltjie gelees oor hierdie Lásarus, en oor Jesus, en Maria, en Martha, dat, die susters van Lásarus. En ek het daarin gelees dat waar Jesus, glo ek, by Martha en Maria gewoon het. Hulle was albei pragtige Hebreeuse meisies. En Lásarus het geleer of opleiding ontvang om 'n skrywer te wees by die tempel, om wetsbriewe vir die Priesters te skryf.

62 En Jesus het 'n goeie verhouding gehad, veral met Lásarus. Wanneer ons in die boek gelees het dat waar Hy wel na hulle huis toe gekom het, en Martha 'n bietjie traag was om te luister na Sy woorde, maar sy moes die aandete gereed kry en die tafel dek, maar Maria het aan Sy voete gesit. En Jesus het gesê dat Maria die beter dinge gekies het.

63 En dan, word ons vertel dat Lásarus die een was wat vir Jesus na Johannes toe gebring het, in die storie van Dr. Ingraham se boeke, en . . . oor *Die Prins Van Die Huis Van Dawid*. Hoewel, dit mag miskien nie waar gewees het nie, ek weet nie, maar net vir die agtergrond daarvan, maar Hy was veronderstel om by hulle te gewoon het.

64 Nou, ons het geleer hierdie komende, hierdie afgelope week, liewer, dat Jesus gesê het in Johannes 5:19: "Ek . . . Die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen: dit

doen die Seun ook net so. Die Vader werk tot nou toe, en die Seun werk ook." Sien? "Wat Hy die Vader sien doen."

65 So om hierdie waarlik die regte storie te maak, die Vader, God, moes gepraat het met Sy Seun, Jesus, en gesê het: "Jou vriend, Lásarus, gaan sterf, maar dit gaan vir die beste wees, so verlaat Jy die huis. Gaan weg, want daar sal vir Jou gevra word om vir hom te bid, of, hom gesond te maak, en—en Ek wil nie hê Jy moet dit doen nie." As julle die storie sal dophou soos ons voortgaan, sal julle sien dit bou op tot daardie einste waarheid daarvan. So, Jesus het net, sonder waarskuwing of enigiets, weggestap van die huis en elders heengegaan, nie daardie aand teruggekom nie. En Hy het na 'n paar ander stede toe gegaan. En sodra Jesus die huis verlaat het, het die probleme begin.

66 En wanneer Jesus jou huis verlaat, is probleme oppad. Onthou net, wanneer Hy jou huis verlaat, is probleme oppad. Wanneer jy sosiale verenigings en alles so volmaak laat werk in jou kerk, soos een of ander sestien-silinder Rickenbacker, en jy laat Jesus daar uit, wanneer Jesus uit jou kerk uitgaan, is probleme oppad. Ja, meneer, wanneer Jesus 'n denominasie verlaat, wat hulle Hom ter syde stel en sê: "Wel, ons glo nou net nie dat hierdie dinge net presies reg kan wees nie," en jy aanvaar iets anders, is probleme oppad. Onthou dit net.

67 Herinner my aan 'n storie van die Here Jesus, wat gevind word in die Boek van Lukas. Julle weet, toe Hy net 'n seun was van twaalf jaar oud, dat Sy mense Hom geneem het, daar na die Pinksterfees toe, soos die gebruik elke jaar was. En terwyl hulle in die stad Jerusalem was by die fees en 'n lekker tyd gehad het, vind ons in die Bybel, dat hulle drie dae sonder Hom was. En dat hulle miskien gedink het, dit net vanselfsprekend aanvaar het, dat Jesus by sommige van hulle familie moes gewees het. Nou, ons kan dit nie doen nie. Toe hulle gekom het om by hulle familie uit te vind, was Hy nie daar nie.

68 En ons kan dit nie vanselfsprekend aanvaar, net omdat ons Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster is, en ons agtergrond en ons voorvaders groot gelowiges was, ons dit net, wel, vanselfsprekend aanvaar, dat Jesus met ons is nie. Ons kan dit nie doen nie. Ons moet in kontak bly met Hom, elke dag en elke minuut. O, ek hou daarvan.

69 Ek wil hê wat God nou is. Wat my ouers gehad het, wat my voorvaders gehad het, is wonderlik. Maar wat hulle gehad het, is goed. Ek dink ons is verder in die pad af.

70 Kom ons kyk wat Hy vandag is. Ek wil nie terugkyk en sien wat Mnr. Moody gedoen het nie, want ons is verder in die pad af as Mnr. Moody. Die probleem met ons kerke is, ons kyk terug en sê: "Wel, kom ons kyk wat Mnr. John Wesley gesê het, wat party van die ander gesê het." Dis waarom die wetenskap soveel verder in hulle veld is, as wat godsdiens in syne is.

71 Hier driehonderd jaar gelede, het 'n Franse wetenskaplike bewys dat, as jy teen die verskriklike spoed van vyf-en-dertig myl per uur beweeg, sal swaartekrag jou van die aarde af neem. Dink julle die wetenskap sal terugverwys daarna vandag? Hulle beweeg negentienhonderd myl per uur en gaan steeds aan. Hulle gaan vorentoe, kyk vorentoe. Maar ons wil terugkyk en kyk wat Moody gesê het; Sankey gesê het; Finney gesê het; Knox, Calvyn; party van daardie. Wat hulle gesê het was goed. Dit was hulle eeu, maar ons gaan aan.

72 My oupa het met 'n ossewa gery. Ek ry met 'n Ford V8. My seun sal 'n straler vlieg. Dis, ons beweeg aan. Dis wat godsdiens behoort te wees. Die koms van die Here is op hande. Die kerk behoort aan te beweeg in hulle kragte in. Die wetenskap kan net so ver klim en dan moet dit terugval, maar ons het onontginde bronne, wat nooit aangeraak is nie, van die krag van God, onbeperk, waarin ons behoort in te beweeg. Ons lewe 'n miljoen myl onder ons voorregte vanaand, van voorregte wat Christene behoort te geniet. Ek skaam my vir myself wanneer ek hier uitkyk en die inrigtings sien, en die siekte, en die probleme wat net nou aangaan. Ons kerk behoort die strate te bewandel, die siekes te genees, die dooies op te wek, duiwels uit te dryf, tekens en wonders te doen, die hele wêreld te laat besef dat Jesus Christus lewe. Dis wat ons behoort te doen.

73 Wel, jy sê: "Mnr. Moody het nooit . . ." Mnr. Moody het nie in hierdie dag gelewe nie. Dis reg. Ons lewe by die koms van die Here. En ons het dit net vanselfsprekend aanvaar dat Hy by ons familie was. Maar nou die dag, toe 'n uitdager Mnr. Graham uitgedaag het, het ons uitgevind dat Hy nie by ons familie was nie.

74 Waar het hulle Hom gevind? Waar het—waar het hulle Jesus gevind? Net waar hulle Hom gelos het. Waar het hulle Hom gelos? By die Pinksterfees. Waar verlaat ons Jesus, waar het die kerk? By die Pinksterfees. Wanneer ons wegkom van die outydse Pinksterkrag en die Pinksterfees, stap ons weg van Jesus. Dis presies reg, vriend. Ons lewe onder ons voorregte. Ja, meneer.

75 Hulle het Hom by die Pinksterfees gelos, en dis die enigste plek waar die Metodis, Baptis, Presbiteriaan, en Pinksters Hom ooit sal vind, is om terug te gaan na waar julle Hom gelos het. Waar is die vreugde van die Here? Waar is die krag van die Here? Die kerk vra vandag: "Wat—wat het gebeur met die God van die geskiedenis?" Hy wag vir Sy mense om Hom op die toneel te roep. Maar die . . .

76 Ons kan dit nie deur denominasies doen nie. Ons kan dit nie onder sielkunde doen nie. Ons kan dit nie onder wiskunde doen, of ons kan dit nie met opvoedkunde doen nie. Ons sonder ons af, verdeel onsself. Ons is nie verdeeld nie. Ons is inderdaad een persoon in Christus Jesus. Ons is almal een in Christus, en

ons denominasies sal dit nooit doen nie. So goed as wat hulle is, hulle sal dit nooit doen nie. Ons opvoedkunde is die grootste struikelblok wat die Evangelie ooit gehad het, is opvoedkunde.

77 Wat ons nodig het is nie opvoedkunde nie. Ons het die krag en demonstrasie van die Heilige Gees nodig terug in die kerk om die krag te demonstreer. Jesus het nooit gesê: "Gaan in die hele wêreld in en—en onderrig nie." Hy het nooit gesê: "Gaan in die hele wêreld in en doen . . . " Hy het gesê: "Gaan in die hele wêreld in en preek die Evangelie." En die Evangelie is om die krag van die Heilige Gees te demonstreer, die opstanding. Ons is steeds 'n miljoen myl kort van waar ons moet wees. Laat ons vorentoe beweeg. Laat ons teruggaan na waar ons Hom gelos het by die Pinksterfees.

78 Jesus het gesê, in Johannes, die 15de hoofstuk, het Hy gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." Wel, nou, as daardie Wynstok die eerste loot voortgebring het, en uit daardie loot 'n Boek van Handelinge geskryf het, sal die tweede loot nog 'n Boek van Handelinge maak. Die derde loot sal nog 'n Boek van Handelinge maak. En elke loot wat uit daardie Wynstok uitkom, sal dieselfde wees as wat die eerste loot was.

79 Nou, jy kan ent, ons weet dit. Ek het 'n sitrusboom gesien met omtrent agt soorte vrugte daaraan. Ek het 'n lemoenboom pomelo's sien voortbring, en suurlemoene, en al die res daaraan, maar hulle was ingebring.

80 Dis wat die probleem is vandag. Ons het ons idees ingebring, ons denominasies ingebring, maar as daardie boom ooit self nog 'n vrugtestok voortbring, sal dit soos die oorspronklike wees wat daar ingegaan het. Halleluja! O, kerk sal saamsmelt, maar ons het die krag van die oorspronklike nodig. Ons het die Heilige Gees nodig, die krag van die opstanding van Jesus Christus. Dis wat Hy vir ons gesê het om te doen.

81 "Ek is die Wynstok, julle is die lote." As die wingerdstok 'n loot voortbring, en dit kom voort met mooi blou druiwe, sal die volgende wynstok wat dit voortbring, mooi blou druiwe daaraan hê. As die eerste Wynstok voortgekom het, en hulle het geval onder die impak van die Heilige Gees, en hulle het groot wonderwerke gedoen, en tekens, en hulle getuienis verseël aan 'n wêreld . . . Selfs baie van hulle met hulle eie getuienis, hulle, met hulle bloed, het hulle hulle getuienis verseël. Hulle het deur allerhande gevare gegaan en alles om die Evangelie te bring. Hulle het gely; hulle is geslaan; hulle is gestraf. "Moet ons huistoe gedra word na die Hemel op 'n blombesaaide bed van gemak, terwyl ander gestry het om die prys te behaal, en geseil het oor bloedige seë?" Wat verwag ons om te doen? "Ek moet veg as ek moet regeer. Vermeerder my moed, Here." Sekerlik. Ons het nodig 'n . . .

82 Ons het nie ’n nuwe denominasie nodig nie. Ons het nie ’n nuwe kerkgebou nodig nie. Wat ons vandag nodig het is ’n outydse, agter-veldse, lug-blou, sonde-uitroeiende Pinksterherlewing, wat gebore is by Pinkster en weer terug is in die kerk, die krag van die Heilige Gees weer, om Jesus op die toneel te bring.

83 Die God van die geskiedenis kom altyd op die toneel op die kritieke oomblik. Ons het dit nodig. Dis wat die probleem met ons kerk vandag is. Ons gaan te ver terug. Ons verval in die modes van die wêreld. En geleidelik, jaar na jaar, begin dit ’n bietjie sterf en wegkwyn.

84 Dis binnekort snoeityd. God gaan dit terugsny so seker as wat ek in hierdie preekstoel staan. God sal haar terugsny om haar te laat vrug dra. Hy sal die werke van die wêreld daaruit sny een van hierdie dae. So ’n skande, hoe die kerk aangegaan het onder die naam van godsdiens.

85 En ons vind uit, toe Jesus weg is, het die dood ingetree. Wanneer Jesus ons kerk verlaat, die krag van die Heilige Gees ons kerk verlaat, begin dit afneem, en—en sterf. En naderhand is daar niks meer daaraan nie. Nou, toe Jesus weg is, het die dood ingetree. O, wat ’n droewige tyd was dit.

86 En let op, hulle het rondgedwaal, en hulle het Jesus laat roep, maar Hy het nie gekom nie. Hulle het Hom weer laat roep, en Hy het nie gekom nie, maar Hy het geweet wat Hy sou doen. Hy weet vanaand, wat Hy gaan doen. Dis nie onbekend aan Hom nie: Hy weet presies wat Hy beplan om te doen. Hy gaan mense oprig net so seker as wat ek in hierdie preekstoel staan. Hy sal mense vir Sy Naams ontwil oprig uit die Heidense geslag. Hy sal dit doen.

87 Dis die Jode se tyd net op hande nou, en van die Heidene word beëindig, want hulle het net verder uitgegaan. Hulle verwerp Christus; hulle verwerp hulle tekens; hulle verwerp alles wat goddelik genoem word, en bestempel dit as een of ander telepatie of duiwelsmag en doen. . . Hulle laster die Heilige Gees en seël hulleself weg van God af. En God sal daardie minderheid neem, naderhand, en dit oprig tot ’n magtige Kerk, en dan die Gees draai na die Jode, en die Heidense Kerk huis toe neem. Presies reg. Sy word nou gevorm. O, hoe, ons is amper aan die endtyd.

88 Jesus, Hy het geweet. En naderhand het Hy gesê: “Ons vriend, Lásarus, slaap.”

89 Wel, die dissipels het gedink hy rus ’n bietjie. Hy het gesê: “Wel, as hy slaap, gaan dit baie goed met hom.”

90 Wel, Hy het gesê in Sy. . . hulle woorde, sodat hulle kon verstaan, gesê: “Hy’s dood, en om julle ontwil is Ek bly Ek was nie daar nie.” Sien? “Om julle ontwil, is Ek bly Ek was nie daar nie.” Want hulle sou vir Hom gevra het om—om te genees—om hom te genees, maar Hy het geweet Hy kon dit nie doen nie, want die visioen was nog. . . na daardie vier dae het Hy geweet dit was

die tyd wat die Vader Hom gesê het. Hoe pragtig; Hy het by die graf gesê: "Vader, Ek dank U, U het alreeds gehoor, maar Ek sê dit net vir diegene wat hier staan." Sien? Hy het alreeds geweet wat Hy gaan doen. Hy het gesê: "Ek sal hom gaan wakker maak."

91 Nou, ek kan my voorstel daardie huisie was regtig gebroke. Die broodwinner weg, hartseer. O, dis wonderlik wanneer jy 'n hartseer huis of 'n hartseer hart het, en Jesus dan meteens verskyn, nie waar nie? Ek kan my Martha voorstel, 'n pragtige vroutjie met 'n swart sluier oor haar gesig, en Mariatjie, en hulle wat mekaar vashou, en sê: "Wat gaan ons doen? Pappa en Mamma is weg, en ons kosbare broer. . . Nou, ons het die kerk verlaat, en ons is geëkskommuniseer van hulle, en het uitgekom om Jesus van Násaret te volg. En Hy is weg en het ons iewers gelos."

92 Ek kan 'n kritikus sien verbykom en sê: "Haai, waar is daardie Goddelike Geneser, daardie Profeet van Galiléa? Waar is Hy nou? Sien, wanneer die tyd regtig aanbreek vir Hom om iets te doen, is Hy weg." Daar is dit. Sien, God hou net daarvan om dit te doen, net om die mense te laat, net, mense te laat wys wat hulle is, ja, net om te probeer kyk wat hulle regtig is. Hy gee vir hulle 'n seëning. Hy verskyn, wys Homself, stel Homself bekend aan die mense, net om te kyk watter soort reaksie hulle sal maak, net om te kyk wat hulle daaraan sal doen.

93 Nou, ons vind uit, na 'n—'n paar dae, vier dae, was arme Lásarus dood. Hulle het hom begrawe. Tweede dag, derde dag, vierde dag. . . Nou, enigiemand weet verderwing begin na drie dae; die neus val eerste in op die gesig. En dan begin die verderwing; die velwurms begin die liggaam eet. Hulle het hom in die grond gelê, 'n groot klip bo-oor die grot gesit waar hulle hom gehad het. En elke nou en dan, sou die jongmeisies uitgaan en gaan kniel by die graf en ween.

94 En naderhand, het die nuus versprei: "Jesus het gekom. Ons het Hom in die stad sien inbeweeg." O, daardie Marthatjie, wat so, skynbaar, so traag daaroor was, sy het toe bewys waarvan sy gemaak is. Hier kom sy. Toe kom sy op haar pad, uitgehardloop aan die soek. Ek kan party van hulle langs die pad hoor sê: "Wel, ek reken jy's nou tevrede, dat jou godsdiens vals was." Sy het hulle net geïgnoreer en aangegaan, reguit verby al die kritici gegaan. Sy het afgegaan totdat sy Hom gesien het, wat miskien onder op die straathoek gesit het.

95 Nou, dit het skynbaar, sy moes. . . sy mag 'n reg gehad het om Hom tereg te wys en—en kwaad teenoor Hom te gespreek het. Wel, sy het nie opgehardloop en gesê: "Kyk hier, kyk hier, Jy. Jy's veronderstel om 'n Profeet te wees, 'n Man van God. Waarom het Jy nie gekom toe ons Jou geroep het nie? Wel, ons is nou die bespotting van die dorp. Ons het uit ons kerk uitgekom om Jou te volg." Gelyk asof sy 'n reg gehad het. Maar julle weet, net soos

wat ek gepreek het oor, *Die Lam En Die Duif,* as ons 'n lam is, 'n lam gee al sy regte op wat hy het. Dis presies reg. Hy het niks anders as wol nie, so hy moet dit opgee. En jy gee elke reg op wat jy het, om God te dien. Dis presies reg.

96 Ek het die vroue tereggewys oor die manier wat hulle hierdie ou kleertjies gedra het, julle weet, en hulle het gesê: "Wel, ons—ons is Amerikaners. Ons kan maak soos ons wil."

97 Ek het gesê: "Dis presies reg, maar as jy 'n lam is, sal jy jou regte opgee." Sigarette rook en aangaan soos daardie, dis die ergste ding wat 'n vrou nog ooit gedoen het. Dis presies reg.

98 'n Dame het vir my gesê, nie lank gelede nie, met my gepraat, gesê: "Maar, Broer Branham, hulle maak nie enige ander soort klere nie."

99 Ek het gesê: "Maar hulle maak nogsteeds naaimasjiene en verkoop materiaal. Daar's glad nie enige verskoning daarvoor nie." Dis presies reg.

100 Onthou, eendag, jy mag hier suiwer wees teenoor jou man, maar jy sal antwoord vir owerspel daarvoor, net so seker: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart."

101 Wat is fout met die Pinkstervroue vandag, is wat ek wonder. Hoe julle die ou spoor byster geraak het. Hoe julle moeders altyd lang hare gedra het, en vandag dra die Pinkstervroue grimering soos 'n klomp Mardi Gras, en sny hulle hare, en dra ou kort kleertjies soos daardie, net soos die res van die manier . . . gaan uit en sny die agterplaas in die middag, wanneer mans verbykom, besef jy, vrou, dat jy sal moet antwoord vir owerspel pleeg met daardie mans? Jy vertoon jouself aan hulle vir daardie doel. Dis 'n bose gees op die kerk en die mense, en hulle weet dit nie. Blind en weet dit nie. Dis die waarheid.

102 Miskien mag julle sê ek het nie die reg om dit te sê as 'n evangelis nie. Wel, ek—ek moet die leiding van die Heilige Gees volg; dis al wat ek kan sê. Julle . . . As ek julle ontmoet by die oordeel, dan sal ek nie julle bloed op my hande hoef te hê nie. Kom weg van elke stukkie grond wat na Satan lyk. Bly weg daarvan. Kom daar weg. Ek gee nie om hoeveel televisiesterre . . . Jy's nie hier, 'n televisiester nie; jy's 'n dogter van God.

103 Gepreek in 'n pastoor se kerk nou die oggend, oor 'n ou slaaf, tyd toe hulle slawe verkoop het lank gelede. En hulle het altyd verbygekom en hulle gekoop op die veiling. En die mense het, geween, gehuil, omdat hulle tuisland; hulle sou nooit weer teruggaan nie. En hulle moes hulle slaan. En hulle sou hulle koop net soos 'n outomobiel, net vir enigiets, die pryse, en daardie mense verkoop.

104 En eendag, het 'n koper verbygekom, 'n makelaar, in 'n groot stig-. . . 'n groot plantasie, liewer. En hy het gesê: "Hoeveel slawe het jy te koop?"

105 Gesê: "Wel, ek het 'n paar om te ruil." Hulle het probeer om hulle groot te kry. Daardie moeders geneem, vaders. . . As die vrou waarmee hy getrou het 'n swak vroutjie was, hierdie groot gesonde mans geneem en hulle geteel met. . . soos perde en diere. Was nooit reg nie. God het die mense gemaak. Die mens het slawe gemaak. Dit was nooit, van die begin af, reg nie. God wil nie hê enige mens moet 'n slaaf wees nie. Nee, meneer. En geen. . . Kyk wat gebeur het.

106 Toe te midde van dit alles, het hierdie kêrel gesê: "Wel, ek wil graag 'n paar van hulle koop. . . " Hy het een jong kêrel daar opgemerk. Hulle hoef hom nie te geslaan het nie. Sy ken was op, kop op, net soos 'n ware heer, rondgestap. En daardie makelaar het gesê: "Ek wil hom graag koop."

107 Hy het gesê: "Maar hy's nie te koop nie."

108 Hy het gesê: "Wel, waarom?" Gesê: "Is hy die baas?"

109 Hy het gesê: "Nee, hy's 'n slaaf."

110 "Wel," gesê: "waarom? Voer jy hom beter as die res van hulle?"

111 Hy het gesê: "Nee. Hy eet daarbuite in die menasie saam met die res van hulle. Hy's 'n slaaf."

112 Gesê: "Wat maak hom soveel anders as die res van hulle?"

113 En die baas het gesê: "Ek het dit self vir 'n lang tyd gewonder, maar eendag het ek uitgevind. Oorkant in die tuisland, is sy vader die koning van die stam. En hoewel hy 'n vreemdeling weg van die huis is, weet hy steeds hy is 'n koning se seun en hy gedra homself soos een." As daardie. . . As 'n Afrika-inboorling kan besef dat sy vader 'n koning is, en hier oorkant, 'n vreemdeling in 'n vreemde land, steeds kan weet dat hy oor die see 'n koning se seun is, hoe behoort vroue en mans hulleself te gedra, wanneer julle seuns en dogters van God is? Tree so op. Sekerlik. Gedra julleself; reinig julleself en tree op soos seuns en dogters van God. Geen wonder, wat 'n toestand.

114 Hier is ons. O, Marthatjie, het uitgehardloop gekom. Sy het gelyk asof sy 'n—'n manier gehad het om iets teen Hom te gesê het. "Waarom het U nie na my broer toe gekom nie? Kyk wat het ons vir U gedoen, en U het ons teleurgestel." Wel, as sy dit gesê het, sou die storie nooit geëindig het soos dit het nie. Nee, meneer. Dis die manier waarop jy 'n Goddelike gawe van God benader. As God 'n gawe stuur, moet jy dit reg benader. As jy ooit verwag om enigiets daaruit te kry, moet jy dit reg benader. En Martha het dit geweet. Sy het waarskynlik gelees van die Sunamitiese vrou en haar baba. En sy. . . As daardie Sunamitiese vrou geweet het God was in Elía, hoeveel te meer was Hy in Jesus? Sekerlik.

115 So, sy het genader met die regte benadering. Sy het soontoe gehardloop en aan Sy voete neergeval. Ek hou daarvan! Aan Sy voete neergeval en gesê: "Here . . . " Dis Sy regte titel. Dis wat Hy was. Hy was haar Heer. "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie."

116 O, goeiste. O, ek kan my net Sy groot hart voorstel soos Hy na daardie pragtige vrou gekyk het, die trane wat teen haar wange afloop. Gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie." Kyk wat het sy gesê. "Maar selfs nou, Here, hoewel hy dood is, hoewel die velwurms deur sy liggaam krioel, selfs nou, Here, wat U God ook al vra, dit sal God vir U gee."

117 O, dis die geheim. Jy mag sê: "Ek het deur elke hospitaal gegaan. Die dokter sê ek gaan sterf, maar selfs nou, Here . . . Ek's heeltemal kreupel met artritis; ek kan nie beweeg nie, maar selfs nou, Here . . . "

118 Daardie klein babatjie het 'n waterkop so groot rondom gehad gisteraand. Daar's niks wat jy kan doen nie. Dit sou uitsprei en sy koppie bars en sterf: "Maar selfs nou, Here . . . " Hy's steeds dieselfde God. Hy's steeds dieselfde Here. "Selfs nou, Here . . . " En Hy sit aan die regterhand van God Almagtig, om voorspraak te maak vir die dinge wat ons sê Hy vir ons gedoen het.

119 Nou voel ek baie godsdienstig. Beslis. Julle gaan my in elk geval 'n holy roller noem, so julle kan maar net sowel begin, en klaarkry.

120 So, ja, meneer: "Selfs nou, Here, wat U God ook al vra, dit sal God doen."

121 "Vra die Vader enigiets in My Naam, Ek sal dit doen," het Jesus gesê.

122 "Selfs nou, Here, wat U ook al vra, dit sal God vir U gee." O, dit moes gedraai het in Sy groot hart.

123 Hy het gesê: "Jou broer sal weer lewe."

124 Sy het gesê: "Ja, Here. Hy sal lewe. Hy was 'n goeie seun. Hy sal opstaan in die algemene opstanding in die laaste dag." Daardie Jode het geglo in die algemene opstanding. "Hy sal opstaan in die opstanding van die laaste dae."

125 Kyk na Hom. Hy het Sy klein self reggetrek. Hy het gesê: "Ek is die Opstanding en die Lewe." O, goeiste. Daar was nog nooit vantevore 'n mens wat dit kon sê nie. Daar sal nooit een daarna wees, wat dit kan sê nie. Hy's die enigste Een wat dit kan sê. "Ek is die Opstanding en die Lewe," sê die Here. "Hy wat in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie. Glo jy dit?"

126 Sy het gesê: "Ja, Here." O, sy het geweet iets was gereed om te gebeur. Moet wees.

127 Wanneer geloof uit 'n eerlike hart vir God ontmoet, kom daardie ratte net bymekaar soos *daardie*. Iets moet gebeur. Ek daag hierdie gehoor uit vanaand, in die Naam van Jesus Christus, laat julle geloof met God verbind soos daardie, binne 'n paar minute sal ons nog 'n Pinkster hê. Daar sal so 'n herlewing uitbreek in hierdie dorp, daar sal nie genoeg polisiemanne in die land wees om hulle te onderdruk nie. Dis reg. Daar sal 'n ware herlewing wees. "Selfs nou, Here . . . "

128 "Wel, Here, ons het reeds hierdie probeer; ons het dit gedoen en dat gedoen." Ek gee nie om wat jy gedoen het nie: "Selfs nou, Here . . . " Hy wag vir jou om Hom aan te roep. Hy . . . "Glo jy dit?" Sekerlik. Ja, meneer. Selfs nou, wat jy Hom ook al vra . . .

129 "Waar het julle hom neergelê?" Nou gaan Hy af na die graf toe. Hy was genoeg van 'n mens om te huil; Hy was God genoeg om die dooies op te wek.

130 Hier 'n tyd gelede, het 'n vrou wat aan 'n sekere groep mense behoort . . . Ek maak dit nooit 'n gewoonte om dit oor denominasies te maak nie. Maar hierdie vrou . . . Hulle glo nie dat Jesus Goddelik was nie. Hulle sê Hy was net 'n profeet. Nou, Hy was . . . As Hy net 'n profeet was, is ons almal in sonde. Hy was óf God, niks minder as God nie, óf die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het. Dis reg. Hy was meer as 'n man. Sy het gesê: "Hy was nie Goddelik nie."

131 Daar is soveel daarvan in hierdie sosiale evangelie vandag; wat Jesus Christus 'n profeet probeer maak. Wel, Hy was die God van die profete. Hy was beslis.

132 Sy het gesê: "Ek sal dit vir jou bewys met jou Bybel: 'Hy was net 'n man.'"

133 Ek het gesê: "Doen jy dit."

134 En sy het gesê: "Toe Hy na die graf van Lásarus toe gegaan het, het die Bybel gesê: 'Hy het geween.' Hy moes sterflik gewees het of Hy kon nie ween nie."

135 Ek het gesê: "Dame, is dit jou Skrif?" Ek bedoel nie om ontheiligend te wees hier deur hierdie te sê nie, maar ek sal vir julle vertel wat ek vir haar gesê het.

136 Sy het gesê: "Dis reg."

137 Ek het gesê: "Daardie stelling is swakker as die sop wat gemaak is van 'n skaduwee van 'n hoender wat van die honger doodgegaan het." Ek het gesê: "Wel, jy—jy het nie een ding om op te staan nie."

138 Sy het gesê: "Wel, Hy het geween. Dit het gewys Hy was sterflik."

139 Ek het gesê: "Hy was beide sterflik en onsterflik. Hy was God in vlees."

140 Sy het gesê: "O, onsin."

141 Ek het gesê: "Hy het na die graf toe gegaan aan die huil. Dit is waar, maar toe Hy Sy klein self regop getrek het. . . " Die Bybel het gesê: "Daar was nie veel aan Hom om na te kyk nie; geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie." Maar toe Hy daardie skouertjies opgetrek het en gesê het: "Lásarus, kom uit," en 'n man wat vier dae dood was en verrot het in die graf, hy het uitgekom. Dit was meer as 'n man. Wys my die man wat dit kan doen. Wat was dit? Verderwing het sy Meester geken. Lewe het sy Skepper geken. Iets moes gebeur. Hy het gespreek en 'n man wat dood was en in die graf vir vier dae, het weer opgestaan, en op sy voete gestaan, en gelewe. Halleluja! Dit was God in Sy Seun. Ja, meneer. Dit was God wat Homself bekend maak deur Hom, Seun. Dit was God wat gespreek het, nie 'n man nie.

142 Hy was 'n man toe Hy rondgekyk het aan daardie boom, daardie dag vir iets om te eet. Dit was 'n man. Maar toe Hy vyf broodjies geneem het en twee vissies en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n man. Dit was God wat hulle daarbinne gevoed het. Hy was meer as 'n profeet, meer as 'n man, Hy was 'n God-Man. Sekerlik.

143 Hy het agterin daardie boot gelê daardie aand, en die seë wat gebrul en gedobber het soos 'n bottelprop daarbuite in daardie magtige see, toe tienduisend duiwels van die see gesweer het hulle sou Hom verdrink daardie aand. Hy was 'n man, swak en vermoeid van bid vir die siekes, wat daaragter gelê het; en die wind het Hom nie eers versteur nie. Hy was 'n man toe Hy geslaap het, maar toe Hy wakker geword het, Sy voet op die rand van die boot gesit het, opgekyk het, en gesê het: "Storm, wees stil," en die winde en die golwe het Hom gehoorsaam, was dit meer as 'n man. Dit was God in die mens, wat Homself bekend gemaak het. Dis reg.

144 Hy was 'n man by die kruis toe Hy geroep het om genade. Toe Hy uitgeroep en gesê het: "Ek is dors," dit was 'n man. Toe Hy gesterf het, was Hy 'n man, maar op die Paasoggend toe Hy die seëls van die dood, hel, en die graf gebreek het, en weer opgestaan het, was Hy meer as 'n man: Dit was God wat gemanifesteer was. Geen wonder die digter het gesê:

> Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;
> Begrawe, het Hy my sondes ver weg gedra;
> Opgestaan, het Hy vrylik vir ewig regverdig;
> Eendag kom Hy—O, wonderlike dag!

145 Hy het gesê: "Omdat Ek lewe, lewe julle ook. Glo jy dit?" Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Glo jy dit? Ek glo die Heilige Gees is net hier nou. Glo jy dit? Ek glo Hy sal ons vul met Sy Teenwoordigheid. Glo jy dit? Ek glo die Heilige Gees wil Sy Teenwoordigheid uitstort, al die siekes genees, al die mense, wat nie die Heilige Gees het nie, vervul laat word. Glo jy dit? Glo julle

met julle hele hart? Laat ons op ons voete staan en Hom loof. Ek glo Hy sal net nou op ons val.

146 O Here God, Skepper van die hemele en die aarde, Outeur van Ewige Lewe, Gewer van elke goeie gawe, ons "Glo jy dit," Here. Ons glo dat dit U is hier in die byeenkoms. Ons glo dat dit U is wat ons siele seën. Ons glo dat dit U is wat U Gees uitstort op ons. Ons glo dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Ons glo dat U vir ewig lewe en ons name geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe. Die hele hemele en aarde sal verbygaan, maar ons sal vir ewig lewe, omdat U vir ewig lewe. Here, U het dit aan ons belowe. Ons glo dit met ons hele hart. Alles wat in ons is, glo ons dit, Here. Ek het Hom lief, ek het Hom lief.

147 Glo julle Hom? Ek glo dis die Heilige Gees. Daar's Iets wat op ons val. Glo jy dit? Ek glo Hy wil net nou elke persoon genees. Glo jy dit? Steek julle hande op na Hom. Staan op julle voete. Glo jy dit? Die Heilige Gees is hier. Dit is Daardie! Petrus het gesê: "Dit is Daardie." Dit is Dit, die Heilige Gees.

148 O Here, Skepper van hemel en aarde, stuur U krag, en U seën, en U goedheid oor hierdie mense, en seën hulle harte, en laat hulle sien dat die Seun van die mens vir ewig lewe. Skenk dit, O Here. Ons gee hulle aan U, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God.

149 Enigiemand wat nie die Heilige Gees het nie, steek jou hande op en prys God. Ek glo Hy sal op jou val. Iemand sit julle hande op hulle. Hierdie is die uur. Waarom wag ons enigsins langer? Hierdie is die tyd. Hierdie is die tyd vir Pinkster, terugkom na God. Kom reg met God, Pinkster! Laat jou hart geroer word deur die krag van die lewende God. Laat Sy Gees kom inbeweeg in julle, julle siele deurdrenk. Hy's hier aand na aand, hier om die siekes te genees, sig aan die blindes te gee, deur die groot en magtige kragtigheid bewys Hy Homself om altyd dieselfde te wees. Halleluja!

150 Prys Hom. Steek julle hande op. Vergeet waar julle is; weet net julle is by Hom, en Sy goedheid, en Sy heerlikheid, en Sy krag, en Sy genade duur vir ewig. Hy's vir ewig dieselfde. Geseënd is die Naam van die Here. Halleluja! O, prys Sy Heilige Naam.

151 O, hoe wonderlik, hoe magtig is Hy. Hoeveel wil net nou opnuut julle lewens aan God toewy? Steek jou hand op. Hoeveel wil julle lewens aan God toewy? Dis reg. Steek julle hande op. Laat ons Pinkster sien. Laat ons die mense van God sien. Ek sal my hand opsteek. "Here, hier is ek. Stuur my." Neem dan 'n Engel met die kole van die altaar en stuur U krag oor ons, Here. God, skenk dit in die volheid van U Gees, O Vader. Hoor ons gebed, O Here. Hoor ons gebed, as gelowige kinders wat staan. Prys Sy Naam.

152 O, soos golwe van heerlikheid wat val, o, die doudruppels van genade. O, prys God. Mag ons siele wag. Glo jy dit? Glo jy dit? Dit

is die Heilige Gees wat kom. Dit is die onsigbare krag wat ons in die Koninkryk van God injaag, die seëninge van Pinkster. Kom terug huistoe. Jy word tuis verwag. Julle is kosbare mense. God wil hê julle moet julleself toewy. Vroue, reinig julleself. Mans, reinig julleself. Laat ons begin teruggaan na God toe en God dien met 'n regte skoon hart.

153 Prys God, die Heilige Gees is buite in die byeenkoms. Doen net wat julle voel om te doen. Laat die Heilige Gees net oor julle beweeg. Daar's niks wat ek kan sê nie. Ek weet net nie wat om nou te sê nie. Die Heilige Gees is net oral oor die gebou. Geseënd is die Naam van die Here. Prys die Here. O, Halleluja! Halleluja! Prys die Here. Prys die Here. Hoe wonderlik, hoe glorieryk . . . Hoe pragtig, hoe wonderlik die lof van die heiliges van God op julle gesigte, op die Teenwoordigheid van die Heilige Gees wat hier beweeg en ons Sy heerlikheid wys uit hierdie groot menigte in eensgesindheid, wat Sy Naam prys.

154 Draai reguit om en skud hande met iemand, sê: "Prys die Here, broer. Prys die Here, suster." Laat ons reguit ingaan en God ons laat ontroer. Prys die Here. Dis reg. Al julle Metodiste, en Baptiste, en Presbiteriane, Pinksters, en Sewende Dag Adventiste, en wat julle ook al is, skud hande met mekaar in die Teenwoordigheid van die Here God. Dis reg. O, Halleluja! Halleluja! Halleluja! O, ek's so bly ek is een van hulle. Ek's so bly. O, breek die mure af, gooi die onsuiwerheid uit. Glorie! Vryheid in die Here, om Sy heilige Naam te prys . . . Geseënd is die Naam van die Here. O, Halleluja! Prys God.

155 O, ek hou net daarvan om dit te sien: mense wat mekaar se hande skud en hulle gesigte wat ophelder. Die krag van God wat sê: "Dis reg. Dis reg, ons is kinders van God. Ons is almal een yslike groot kerk, een yslike groot persoon in Christus Jesus, Sy Bruid, die glorieryke Een." Die koms van die Here kom naby. Sy mense wat bymekaarkom en hulleself liefhet . . . met liefde en die krag van Sy Teenwoordigheid. O, dit is soos die Hemel. O, dit is goed. Amen. O, hoe glorieryk, hoe wonderlik; om die Here net in Gees en in krag te aanbid. So 'n tyd. Dit was die stop . . . begin.

156 Daar's net geen . . . Ek het vir die broers gesê: "Broers, daar's geen plek om te stop nie." Daar's geen plek hier wat . . . Ons het nooit begin nie, so ons stop nie. Net—net wonderlik . . . Hoeveel voel baie goed. Net die Teenwoordigheid van die Here, o, goeiste, dis wonderlik, Teenwoordigheid van die Here hier.

157 Nou, die Teenwoordigheid van die Here is hier om die siekes te genees, die mense gesond te maak. Glo Hom net. Glo julle Hom? As ons Hom kan glo, is alle dinge moontlik. Glo julle dit? Glo julle dat dit die Teenwoordigheid van die Here is?

158 Nou, terwyl julle . . . Gee my net 'n oomblik, net 'n oomblik nou, en luister net vir 'n oomblik. Laat my vir julle bewys dis die Heilige Gees hier. Laat my vir julle wys dat die Heilige Gees, die

einste Een wat die praatwerk doen, die Een wat die ding doen, dit weet. Hoeveel hier nou, wat siek hier ingekom het? Laat ons julle hande sien. Diegene wat 'n siekte gehad het . . . Daar's mense . . .

159 Daar's 'n man wat daar staan. Glo jy, meneer? Daar's geen gebedskaarte uit nie, maar glo jy dat God jou kan genees? Glo jy Hy kan vir my jou probleem vertel? Dis in jou sy. Jy's op vir 'n operasie. Dis reg. Jou naam is Mnr. Cartwright. Dis reg. Is dit reg? Wuif jou hand. Goed. Gaan huistoe en word gesond, jy sal dit nie nodig hê nie. Glo jy dit?

160 Daardie man wat daardie babatjie in sy arms hou, glo jy dat ek God se dienaar is? Glo jy dat hierdie die Heilige Gees is? Ek ken jou nie, is dit reg? Jou nog nooit in my lewe gesien nie; ons is vreemdelinge. Glo jy die Heilige Gees kan vir my vertel wat verkeerd is met daardie babatjie? Het 'n uitslag. Dis reg. Is dit nie reg nie? Sekerlik. Jy's nie van hier nie. Nee. Jy het self 'n maagprobleem, waaraan jy ly. Dis reg, is dit nie? Jy's van Kansasstad. Goed. Gaan terug, Jesus Christus maak jou gesond. Halleluja! Glo jy. Glo jy dit met jou hele hart?

161 Hier's die Engel van die Here, wat hang oor hierdie klein—klein vroutjie, soort van bejaard, wat reg hierbinne sit, wat ly aan 'n breuk. Glo jy God sal jou genees van daardie breuk, suster? Jy, met die klein rooi blommetjie op jou hoed, steek jou hand op. Goed. Gaan huistoe en word gesond. Amen. O, dis God; dis Christus die Seun van God. Hy het opgestaan uit die dood. Hy's hier.

162 Nou, sit julle hande oorkant op mekaar en offer 'n goeie seisoen van gebed, elkeen van julle, terwyl ek iemand vra om hiernatoe te kom. Kom hier, broer. Terwyl julle julle hande op mekaar het om te wys dat God ook genees, sal ek die broer hier ook laat bid. (Gaan voort. Goed.) Prys die Here God.

*Glo Jy Dit?* AFR60-0402
(Believest Thou This?)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdag, 2 April 1960, by die Munisipale Ouditorium in Tulsa, Oklahoma, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org